## 22 April Johannes 19:22-24

### *Raadsvervulling*

Daar is ook 'n verdere saak wat die verdeling van die klere van Christus aan ons wil uitbeeld: dit is die Raadsvervulling van God.

Die soldate verdeel Christus se klere en werp die lot oor sy onderkleed. Op die oog af lyk dit na normale prosedures van soldate wat teregstellings beheer. Persoonlike besittings van veroordeeldes kry maar so nuwe eienaars.

En tog lê daar iets veel dieper agter die gebeure. God het dit lankal bepaal dat Christus se klere so verdeel sal word. Onder leiding van die Gees profeteer die digter in Ps. 22:19: "Hulle verdeel my klere onder mekaar en trek lootjies oor my mantel". So word die Skrifte vervul, sê Johannes. Hy sien in die verdeling van die klere God aan die werk.

Ja, agter die doen en late van mense, agter menslike besluite en normale prosedures, kom God se raadsplan tot volvoering. Christus is immers die Vervuller van die Skrifte en die Vervuller van God se Raadsplan.

Dit bied oneindige troos aan ons vandag. Dit lyk baie keer vir ons asof mense wik en weeg, asof vasgestelde prosedures ons lot bepaal. Maar dis nie waar nie. God het lankal bepaal. God stuur. Hy beheer alles volgens sy Raadsplan. Hierin is Christus die Voltooier van God se Raadsplan en die Vervuller, Volmaker, Waarmaker van God se Skrifte.

Waarom spook ons so vreesagtig in hierdie lewe? God is steeds in beheer van hierdie oënskynlik deurmekaar wêreld van ons. Hy voer sy Raadsplan uit tot die beswil en ten behoewe van sy kerk. In en deur Christus tot redding en verlossing van sy gelowiges kinders. Glo jy dit nog?

Sing: Skrifberyming 10:5, 6Ds. T.J. Potgieter (Bloemfontein-Noord)